

HELPMEKAAR
KOLLEGE

Welpiegids

2027

WELKOM, WELPIE!

JOU VINGERAFDRUK IS UNIEK.

Geen twee vingerafdrukke is dieselfde nie. Jou storie, talente en idees hoort hier. By Helpmekaar Kollege ontmoet jy nuwe vriende, ontdek jy geleenthede en leer jy jou nuwe tuiste ken.

JOU MATRIEKBUDDY

Elke Welpie kry 'n matrikulant wat help met inskakeling, die skool se roetines en die eerste groot avontuur.



KOMAAN HELPMEKAAR

INHOUDSOPGAWE

2027

Kies ’n afdeling om direk na die regte bladsy te gaan.

01 VANGNET EN KONTAKTE — BL. 04 >

02 HOOFLEIERS — BL. 07 >

03 AKADEMIE — BL. 08 >

04 TOETSROOSTER — BL. 10 >

05 SKRYFBEHOEFTES — BL. 11 >

06 EERSTE WEEK — BL. 13 >

07 PRAATKUNS EN SPEECH GUILD — BL. 17 >

08 HOE MOET EK LYK? — BL. 19 >

09 MY WELPIE-ID-KAART — BL. 21 >

10 WAT PAK EK IN? — BL. 22 >

11 KOMMUNIKASIE — BL. 24 >

12 WELPIE-WEBTUISTE — BL. 26 >

13 JAARKALENDER — BL. 27 >

14 SKOOLDRAG EN KLEREBANK — BL. 29 >

15 BELEIDE EN GEDRAGSKODE — BL. 31 >

16 BUSVERVOER — BL. 33 >

17 SKOOLGELDE — BL. 35 >

18 SNOEPIE EN ETES — BL. 37 >

19 SLUITKASSIES — BL. 40 >

20 MAAK GEREED — BL. 42 >

Die bladsynommers verwys na die werklike PDF-bladsye.

Gebruik die INHOUD-skakel op elke bladsy om hierheen terug te keer.


VANGNET

DIE HELPIE-VANGNET

Klik op'n kontak om te skakel.

Jana Theron
Skoolhoof
072 940 4608



Linda van Niekerk
Adjunkhoof
082 452 9772



Hennes de Wet
Adjunkhoof
083 407 6753



Eugene Marais
Adjunkhoof
082 574 0384



Wayne Fourie
Logistieke bestuurder
073 223 6647



Rozelle Visser
Kommunikasiebestuurder
082 973 3676



Shaun Jackson
Sporthoof
083 737 9377



Linda Peacock
Kultuurhoof
082 464 2557



Nicolene Nel
Graadvoog
073 314 2407



Chloé Barkhuizen
Graadvoog
079 693 9817



Wicus Jordaan
Graadvoog
082 819 9577



HIER IS NOG HULP

Kinderleiding, opvoedkundige ondersteuning en praktiese hulp. Tik om te bel.

Lynette Viljoen
Kinderleiding/berader / narratiewe terapeut
082 374 3360

Dr. Lanette Hattingh
Opvoedkundige sielkundige / diagnostiese evaluering
083 267 1702

Lize Bouwer
Opvoedkundigesielkundige
083 400 8142

Morné Basson
Opvoedkundigesielkundige en IEB-akkommodasiebeampte
079 112 4892

Phumla Tunzi
Klerewinkel
072 463 6802

Nicolene Nel
Handboeke
073 314 2407

Bryan Longbottom
Verlore goedere
076 980 4393

Michael Ramaru
Verlore goedere
076 755 5404

Hoof-leiers


Adam Korb (Hoofseun)


Kara-Mari Botma Hoofmeisie)


Charlie Baard


Carla Boshoff


Enrique Bosch


Esti Kotzé


Jude Hattingh


Lienke Olivier


Rikus Brink


Matheia Casanoves

DIE AKADEMIESE REIS

AKADEMIE

Ontdek, leer, groei—met ondersteuning van die begin af.

08 GRAAD 8



AKADEMIESE ONDERSTEUNING

ONDERSTEUNING VAN DAG EEN

01 EKSTRA KLASSE

Maandag tot Donderdag, 13:30–15:00. Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Rekeningkunde, Afrikaans en ander vakke waar hulp benodig word.

02 BASISLYNTOETSE

Afrikaans, Engels en Wiskunde. Terugvoer oor vaardigheidstoetse volg in Februarie.

03 LEESONTWIKKELING

Graad 8-leerders voltooi EyeBrainGym om leesvaardigheid en begrip te ontwikkel.

04 LEERVAARDIGHEDE

Studieroetines, tydsbestuur, studiemetodes en DI Hub-studiemetodes.

JOU GRAAD 8-VAKKE

08

Jou akademiese wêreld by Helpmekaar.

VERPLIGTE EKSAMENVAKKE

- Afrikaans
- English Home Language of First Additional Language
- Wiskunde
- Fisiese Wetenskappe
- Lewenswetenskappe
- Geografie
- Geskiedenis
- Rekeningkunde
- Visuele Kuns
- Ingenieursgrafika en -ontwerp (I



WELPIES 2027

DIE PAD VORENTOE

Van Graad 8 af ontwikkel jou vakkeuses saam met jou.

VAKKEUSES DEUR DIE JARE

09

GRAAD 9

Afrikaans, Engels, Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe, Geografie, Geskiedenis en Lewensoriëntering / Innovasie. Keuses sluit Rekeningkunde, Besigheidstudies, Kuns, IGO, Drama en tale in.

10

GRAAD 10–12

Graad 10–12 bied sewe verpligte eksamenvakke, met die moontlikheid van ’n agtste vak. Keuses sluit onder meer IT, CAT, Ekonomie, Toerisme, Geografie, Geskiedenis, Wetenskappe, Kuns en addisionele tale in.

+

VERDERE STUDIES

Addisionele Verdere Studies-vakke kan onderhewig aan toepaslike graadreëls gekies word.

TUTORKLASSE

LEERDERS UIT AL VYF GRADE

ONGEVEER 20 HELPIES

±20

Tutorklasse bestaan uit ongeveer 20 leerders per tutoronderwyser. Termyntoetse en verskeie administratiewe take word in tutorverband afgehandel.

’N GROTER NETWERK

8 — 9 — 10 — 11 — 12

Helpies uit al vyf grade is deel van ’n tutorklas. Só leer jy gou leerders van ander ouderdomme ken.

INHOUD | 09



TOETSROOSTER

TERMYN 1

DAG	DATUM	VAK / AKTIWITEIT
Do	28 Jan 2027	Afr
Di	2 Feb 2027	Eng
Do	5 Feb 2027	Wisk
Di	9 Feb 2027	Fis Wet
Do	11 Feb 2027	Lew Wet
Do	18 Feb 2027	Rek
Di	23 Feb 2027	Gr8-kamp: Geen toetse
Do	25 Feb 2027	Vis kuns
Wo	3 Mrt 2027	Interhoër
Do	4 Mrt 2027	Wintersport


SKRYF
BEHOEFTES

SKRYFBEHOEFTES 2027 | GRAAD 8

ALGEMENE INKOPIELYS

ITEM	HOEVEELHEID
Dun, plastiese portefeuljelêers	8
Portefeuljelêers (koevertstyl)	4
Flipfiles	6 x 20 bl
Dik ringbinder-lêer (slegs English Home Language)	1
1 Stel van 5 afskortings vir lêer (slegs English Home Language)	1
Passerstel met drukpotloodpunt	1
Sakrekenaar: Casio Fx – 82 ZA plus / scientific calculator	1
Drukpotlood (Pacer)	1
HB-potlood	1
30 cm liniaal	1
15 cm liniaal	1
Eksamenblok	2
Dik ringbinder-lêer met 10 afskortings (slegs indien Spaans as vak geneem word; koop in gr. 8 aan en hou tot in gr. 12)	1 van elk

GEOGRAFIE

- 1 x A4 plastiek portefeuljelêer
- 1 x Sakrekenaar Casio Fx – 82 ZA plus
- 1 x 360°-gradeboog



VISUELE KUNSTE (KUNS)

Betaal **R840** in die skool se rekening.

Verwysing:
Kind se naam + van + KUNS



INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP (IGO)

IGO gereedskap
Bedrag: **R455**
Stationery Net Shop
FNB
Current account
Rek No: 63003404603
Takkode: 250655
Verwysing: HMK Kind se naam en van
E-pos na:
willie.vandenberg@helpmekaar.co.za

Stuur bewys van betaling per e-pos



EERSTE WEEK

WELPIES 2027

MAANDAG, 11 JANUARIE 2027

07:00–07:30	**Aankoms van Gr.8-Welpies by Helpmekaar** (Plaas 'rugsak' en skooltas in Forumsaal)
07:30–08:30	**Saalopening saam met ouers, matrieks en Welpies** (Ouers verdaag om 08:30)
08:30–09:10	**Ysbreker**
09:10–09:30	**Gr. 8-Welpies verklee in gemaklike klere.** (Eie kortbroek en tekkies; T-hemp sal voorsien word). Die etegeld is ingesluit by die oriënterings-weekkostes.
09:30–09:45	**Koeldranke**
09:45–12:25	***Groepsaktiwiteite: STASIES 1, 2, 3, 4**
12:25–13:00	**Middagete**
13:00–15:00	***Groepsaktiwiteite STASIES 5, 6, 7**
15:00–17:45	**Atletiek**
17:45–18:15	**Swem**
18:45–19:30	**Aandete**
19:30–20:00	**Program: DIS ONS PLEK**
20:00–20:30	**Graadvoogsessie**
20:30–20:45	**Time-out**
21:30	**Ligte uit**



WELPIES 2027

DINSDAG – DONDERDAG
12–14 JANUARIE 2027



DINSDAG, 12 JANUARIE 2027

06:00–06:30	Shower Hour
06:45–07:15	Ontbyt
07:30–08:00	Aantree
08:00–08:30	Roosters
08:30–13:30	Akademiese skooldag
14:00	**Ouers kom haal hul Welpies** (Welpies wat nie bus ry nie)
14:00–14:30	Busindelings in saal
14:30–15:00	Busse vertrek

WOENSDAG, 13 JANUARIE 2027

07:30–13:30	Normale skooldag · Eerste pouse: Aktiwiteit
13:45	Busse vertrek

DONDERDAG, 14 JANUARIE 2027

07:30–13:30	Normale skooldag
13:45	Sportoefeninge begin
15:15	Busse vertrek



WELPIES 2027

VRYDAG, 15 JANUARIE 2027

07:30–11:30	**Interhuis-swemgala**
11:30–12:30	**Inhuldiging inoefen**
12:30–13:00	**Middagete**
13:00–17:00	**Groentjiekonsertoefening**
17:30–18:30	**Oueryergadering vir alle Gr 8-ouers op die swembadpaviljoen** Akademiese en ander belangrike inligting word aan die ouers deurgegee
17:30–18:30	**Groentjiekonsert - VERTONING 1 (Gr 9–12)**
18:30–19:30	**Welpie-ouers kuier** (pak 'n lekker mandjie met versnaperinge)
19:30–20:30	**Groentjiekonsert - VERTONING 2 (Gr 8-ouers)** Twee ouers per leerder
20:30–22:00	**Inhuldigingsfunksie**





Welpies word Helpies!

EERSTE-DAG-PRAATKUNS

Elke Welpie se stem word gehoor!



Redenaarsuitdunne vir alle Welpies vind op **Maandag, 11 Januarie 2027** by een van die stasies plaas. Hierdie uitdunne is die basis van ons spraakgilde-spanne wat gekies word.

LW: Die onderstaande is slegs temas en leerders kan dus hul eie onderwerpe daaruit formuleer.

DIE TEMAS



1. As ek vir 24 uur enige superkrag kon hê ...
2. Die vreemdste of snaaksste ding wat al met my gebeur het.
3. As ek vir een dag met enige bekende persoon kon plekke ruil ...
4. My perfekte dag – sonder skool, huiswerk of reëls!
5. As ek vir 'n week sonder my selfoon moes klaarkom ...



BELANGRIKE RIGLYNE



Dit is baie belangrik om in gedagte te hou dat tyd beperk is.
Elke redenaar het slegs een minuut tyd om sy mening te lug.

- Onthou: Dit is 'n *impromptu*-toespraak.
- Gee dus 'n kort inleiding en kom dadelik tot die punt.
- Laat dus jou gedagtes solank vooruit hardloop oor wat jy beplan om te sê. Moenie 'n hele uitgewerkte toespraak bring nie. Jy kan enkele idees op skrif stel as dit jou pas.
- Hierdie is slegs 'n wegspring vir vele praatgeleenthede by Helpmekaar.

SPEECH GUILD

SPEAK | THINK | INSPIRE



On Monday, 11 January 2027, you will be given the opportunity to present a short speech at one of the 7 stations. This speech serves as an audition for Speech guild.

Speech guild is a 4-member public speaking competition. All junior (grade 8 and 9) teams will compete in the prepared division against other schools' teams during the first term.

SPEECH TOPICS

1. *If I had one superpower it would be...*
2. *My favourite fictional character.*

INSTRUCTIONS

- Choose **one** of the two topics.
- Prepare a speech that shows off your critical thinking and speaking skills.
- Each learner only has **ONE MINUTE** to present his/her speech.
- Be creative and try to make your speech memorable.
- **Have fun!**

HOE MOET EK LYK?



Hoe moet ek lyk?

Meisies



Hare
Een kant bolla,
ander kant drie boksterte.

Skooldrag
Skoolrok en skoolhemp,
kaalvoet.

Seuns





Hare
Middelpaadjie en ge-gel.

Skooldrag
Skoolhemp, skooldas,
kortbroek en kaalvoet.

Wat moet op die bord wees?

1. Dit moet soos 'n ID-kaart lyk.
2. Naam, van en geboortedatum.
3. Buddy se naam en van.
4. Welpie se Graad 1-foto.
5. Drie woorde wat hulself beskryf.

Welpies dra ook hul sunvisers –
VERSIER VOLGENS DIE TEMA: VINGERAFDRUK.

Hoe moet my bord lyk?

Jy moet op die eerste dag 'n ID-kaart-bord saambring sodat ons jou beter kan leer ken. Versier dit kreatief met die tema **"vingerafdruk"**.

- Naam en van
- Geboortedatum
- Jou "buddy"-naam en van
- Jou graad 1-foto
- 3 woorde wat jou beskryf



WENK:
Wees kreatief en versier jou bord met die tema **"vingerafdruk"**!

WAT PAK EK IN?



Jy moet met so min as moontlik in so klein as moontlike sak kan oorleef.



1 'n Swemhanddoek en swembroek

(swemklere moet onder skoolklere en Welpie-drag aangetrek word en geen bikini's word toegelaat nie)



2 Klere

- **2 x Kortbroeke** (NIE ski-pants/ hot-pants/oefenbroekies nie)
- 2 x T-hemde
- **Tekkies** en kouse (geen ander skoene nie)
- 'n Hoed
- Jou Welpie-hemp wat op 12 Januarie 2026 uitgedeel word



3 Slaapklere

Iets wat geskik is, bv. 'n gemaklike T-hemp en kortbroek



4 Onderklere



5 'n Slaapsak

Let Wel: GEEN KUSSING



6 Reënjas/sambreel/swartsak

Ingeval dit reën



7 Sonbrandmiddels + waterbottel



8 Meisies: haargoed

(hare moet te alle tye vas wees)



9 Skooltas

Skryfbehoeftes + skryfblok

(Geen handboeke vir 12 + 13 Januarie nie, want jy ontvang eers op 13 Januarie jou rooster.)



Jy moet wel sonder die volgende oorleef:



GEEN selfone, airpods, speakers of slimhorlosies



GEEN grimering



GEEN Graad 7-houdings of grootpratery

KOMMUNIKASIE



KOMMUNIKASIEKANALE
MET ONS OUERS

Daar is verskillende kommunikasiekanale wat die skool gebruik om seker te maak dat ons doeltreffend met ouers kommunikeer:

01

NUUSFLITS-WhatsApp-groepe

Weeklikse nuusbriewe en ander dringende sake word op hierdie groep met ouers gedeel.



- Nuusbriewe
- Belangrike inligting
- Direk met ouers gedeel

02

ADAM en e-SKOOL

Leerders en ouers sal aan die begin van die 2027-skooljaar hul inteken-besonderhede ontvang om hierdie twee webblaaie te gebruik: punte, klasnotas, verslae, ens. word hier gevind.



03

Bus-toep

Die **Helpmekaar App**, soos u dit op Google Play Store en Apple Store sal vind, is 'n toepassing waarop u kan inteken en die bus waarop u kind ry, kan volg.



GET IT ON Google Play

Download on the App Store

04

Helpmekaar24

Op hierdie webtuiste/toep kan u alle nodige inligting ontvang: dagtye, bustye, afkondigings aan leerders, programme, toetsroosters en vele meer.

NS. *Stoor dit sommer op u foon se home screen*



- Dagtye
- Bustye
- Afkondigings
- Programme
- Toetsroosters
- ... en vele meer

WELPIE-WEBTUISTE



JAARKALENDER



JAARKALENDER 2027

TERMYN 1 (11 Januarie - 19 Maart)

11 Jan:	Skool begin - Welpies en Gr.12's
13 Jan:	Skool begin - Gr. 9, 10 en 11
15 Feb:	HMK-vakansiedag
11 Mrt:	Studiedag
12-17 Mrt:	Eksamen
17 Mrt:	Skool sluit

VAKANSIE: 18 Maart - 11 April

TERMYN 2 (12 April - 30 Julie)

12 Apr:	Skool begin
23 Apr:	Skoolvakansiedag
26 Apr:	HMK-vakansiedag
27 Apr:	Nasionale vakansiedag
1 Mei:	Nasionale vakansiedag
11 Jun:	Studiedag
12 Jun-9 Jul:	Eksamen
9 Jul:	Skool sluit vir reses
19 Jul:	Skool begin ná reses
28 Jul - 30 Jul:	Produksie
30 Jul:	Skool sluit na Produksie
(25-27 Aug:	*Lenteskool vir Matrieks)*

RESES: 9 - 18 Julie | ***VAKANSIE: 31 Julie - 30 Augustus***

TERMYN 3 (30 Augustus - 3 Desember)

30 Aug:	Skool begin
30 Aug - 1 Okt:	Rekordeksamen Gr.12
24 Sept:	Nasionale vakansiedag
2 Okt:	Matriekafskeid
8 Okt:	Matriekgraduering
14 Okt:	Skool sluit om 14:00 vir reses
19 Okt:	Skool begin om 07:30 ná reses
22 Okt:	Kenmekaar
27 Okt:	Studiedag
28 Okt-25 Nov:	Nov-eksamen (gr. 8-11)
26 Nov -1 Des:	Graadtoere (gr. 9, 10+11)
3 Des:	Rapporte beskikbaar en skool sluit

Klerebank en skoolklere





Winkel-ure vir res van 2026

Maandag- Vrydag
08:00 - 14:30
(tot 3 Des)

Afspraak

Maak asb.'n afspraakom

klere te kom pas en koop

Phumla Tunzi:
011 339 2226
072 463 6802

Eerste week in Januarie 2027

Neem kennis van die spesiale klerewinkel-ure in die eerste week in Januarie 2026:

Woensdag	**6 Januarie: 9:00 – 14:30**
Donderdag	**7 Januarie: 9:00 – 14:30**
Vrydag	**8 Januarie: 9:00 – 14:30**
Saterdag	**9 Januarie 8:00 - 12:00**

KLEREBANK-PRYSE

Klerebank by Helpmekaar Kollege: Skoolklere en Toerusting

Kry toegang tot bekostigbare, hoë-gehalte skoolklere en sporttoerusting by die Helpmekaar Kollege klerebank.

Helpmekaar Kollege

BELEIDE EN GEDRAGSKODE



Die Helpie Way

Ons probeer elke dag om die Helpie Way uit te leef en daarom het ons dissiplinêre stelsels en beleide in plek.





















Helpmekaar se gevestigde gedragskode bevorder:

- hoë waardes en goeie gedrag;
- ontwikkeling van positiewe eienskappe;
- verantwoordelike gedrag te alle tye;
- respek teenoor ander;
- volgehoue netjiese voorkoms; en
- goeie maniere en hoflike optrede

Klik gerus hier om ons skool se gedragskode en beleide te lees.

KOMAAN HELPMEKAAR

BUSVERVOER



KOMAAN HELPMEKAAR



BUSVERVOER 2027

TARIEWE EN BELANGRIKE REËLINGS

1 KOSTE PER MAAND VIR 11 MAANDE

(maandeliks vooruitbetaalbaar).

Roete	Enkelrit per maand	Enkelrit vir jaar (x 11)	Volrit per maand	Volrit vir jaar (x 11)
Jan Celliers & Shell / Barry Hertzog / Markspark	R470.00	R5 170.00	R930.00	R10 230.00
Alle ander roetes	R930.00	R10 230.00	R1 700.00	R18 700.00

2 KOSHUIS - NAWEKE

Slegs met toestemming van Wayne Fourie.

3 KENNISGEWING

Indien die leerder se situasie ten opsigte van busgebruik verander, moet daar vooraf (EEN MAAND) skriftelik kennis gegee word deur die ouer, anders word u aanspreeklik gehou vir die kaartjie.

4 VASTE NAWEEKGEBRUIK

R930.00 p/m
R10 230.00 p/j

5 PER GELEENTHEID

R120.00**

**Toestemmingsbrief van Wayne Fourie.

6 BETAALWYSE

Per EFT of debietkaart by Finansies.

7 OPSOMMING

- **Jan Celliers & Shell / Barry Hertzog / Markspark:** R470.00 enkelrit p.m. | R930.00 volrit p.m.
- **Alle ander roetes:** R930.00 enkelrit p.m. | R1 700.00 volrit p.m.
- **Koshuis-naweke:** R930.00 p/m | R10 230.00 p/j | R120.00 per geleentheid.

8 BELANGRIK

Alle tariewe hierbo is vir 2027.

Naweekvervoer vir koshuisleerders is slegs met toestemming beskikbaar.

SKOOLGELDE





SKOOLGELDE 2027

BELANGRIKE FINANSIËLE INLIGTING VIR OUERS

1 SKOOLGELDE 2027

Skoolgelde vir 2027 beloop **R112 200.**

Skoolgeldbetaalmetodes:

A. Eenmalig, voor 31 Januarie 2027, **R106 600.**

B. Per Termyn, 3 betalings van **R36 500** (betaalbaar tydens eerste week van elke Termyn).

C. Per maand, **R10 200 x 11** (Januarie tot November).

2 KORTING VIR MEER AS EEN KIND

Ouers met meer as een kind in Helpmekaar kwalifiseer vir die volgende skoolgelde:

2e kind - R100 980 (R9 180 x 11 mnde).

3e kind - R89 760 (R8 160 x 11 mnde).

4e kind - R84 150 (R7 650 x 11 mnde).

3 INSTANDHOUDINGSFONDS 2027

Die direksie versoek dat ouers weer 'n bedrag van **R1 000 per kind** tot die Instandhoudingsfonds bydra. Hierdie vrywillige bydrae kan dien tot 'n belastingvoordeel en daar kan 'n spesiale kwitansie Art18(A)2 van die Inkomstebelastingwet, nr 58 van 1962, aan ouers uitgereik word op versoek.

4 KOSHUISGELD 2027

Koshuisgeld vir 2027 beloop **R66 440** en is betaalbaar in elf paaiemente van **R6 040** (Jan – Nov).

5 BELANGRIK

Let wel dat skoolgelde nie toere, uitstappies, handboeke en skryfbehoeftes insluit nie.

6 NUWE LEERDERS

'n Nie-verhaalbare (eenmalige) inskrywingsfooi van **R2 700** is betaalbaar met aanvaarding en inskrywing, asook die eerste paaiement van die skoolgelde.

7 FINANSIËLE OOREENKOMS

Voltooi die formele **Finansiële Ooreenkoms** aanlyn.

KLIK HIER OM DIE FINANSIËLE OOREENKOMS AANLYN TE VOLTOOI ›

jotform.com/build/232751630028046

Navrae: petro.steenekamp@helpmekaar.co.za

8 BANKBESONDERHEDE

Helpmekaar Kollege
ABSA BANK
Takkode: 632005
Reknommer: 406 683 1879
Verwysing: Kind se Naam & Van
(OF Rekeningnommer bv A001) / aktiwiteit

SNOEPIE



Snoepie-aankope

ONS SNOEPIE IS KONTANTLOOS

Aankope by die snoepie word slegs via die ALLXS-app op u kind se foon gedoen.
Geen ander betaalmetode word by die snoepie aanvaar nie.

Elke kind kry dan 'n unieke ALLXS-rekeningnommer.

Wanneer gelde op die rekening gelaai word, MOET DIE KIND se unieke ALLXS-rekeningnommer in die verwysingsveld verskyn, NIE DIE OUERS se rekeningnommer NIE.

Gelde verskyn eers **2 tot 3 dae ná die oorplasing** op die ALLXS-kaart. Laai dus asb. vroegtydig geld op die kaart.

Daar is heelwat video's en FAQS op die ALLXS-webtuiste, wat al u navrae sal beantwoord.

Volg 'n paar maklike stappe om u kind met Helpmekaar Kollege se profiel te koppel.

Klik hier >



ALLXS hanteer alle navrae t.o.v. die kaarte.

Hul kontakbesonderhede:

WhatsApp Support
066 472 8657

Onmiddellike hulp:
011 201 2025





POUSE SE ETES

BY DIE KOSHUIS IS

AANLYN

Beskikbaar op Allxs!

BESPREEK OP JOU **ALLXS-REKENING**

OF

"TAP" JOU **SNOEPIEKAART** IN DIE EETSAAL

BELANGRIK OM TE ONTHOU:

- DIE WEEK SE ETES WORD **ELKE SONDAG OOPGESTEL** VIR BESPREEKING.
- DIE AFSNYTYD VIR ELKE DAG SE ETES IS **DAAGLIKS** OM **10:00** DIE OGGEND.
- D.W.S. **MAANDAG** SE ETES SLUIT MAANDAG OM **10:00,** MAAR DIE RES VAN DIE WEEK BLY OOP VIR BESPREEKING TOT HUL ONDERSKEIE AFSNYTYE.

MAAK SEKER JY **BESPREEK BETYDS –**

DIT WAS NOG NOOIT SO MAKKLIK OM *jou etes te verseker nie!*

KOSHUISETE MAKKLIK AANLYN BESKIKBAAR!

NAVRAE:
PETRO BY FINANSIËLE KANTOOR
011 339 2

Sluitkassies



SLUITKASSIES 2027

VEILIG | GERIEFLIK | JOU PLEK



BESPREEK JOU KASSIE

WELPIES:
18 – 24 JANUARIE 2027

SKAKEL OM TE BESPREEK

https://helpie.co.za/index.php

PROSES VIR DIE AANKOOP VAN 'N NUWE KASSIE

1 PRYS VOLGENS GRAAD WAARIN JY IS

Die prys is gebaseer op die **graad waarin jy is**.

2 EENMALIGE AANKOOP

Sodra 'n kassie gekoop is, is jy **tot jy matrikuleer** geregtig op 'n kassie en hoef jy nie weer te koop nie.

3 BETAAL IN DIE SKOOL SE REKENING

Betaling word in die Helpmekaar Kollege bankrekening gemaak.

Verwysing:
Naam, van en lockers

4 STUUR BEWYS VAN BETALING (POP)

E-pos die POP na **bryan.longbottom@helpmekaar.co.za.** Die leerder sal dan op die stelsel gelaai word en in kennis gestel word dat hy/sy 'n kassie kan kies.

KOSTE EN TYDPERK

GRAAD	KOSTE	TYDPERK
Welpies van 2026	R1 250,00	5 jaar
Graad 8 van 2026	R1 000,00	4 jaar
Graad 9 van 2026	R750,00	3 jaar
Graad 10 van 2026	R500,00	2 jaar
Graad 11 van 2026	R250,00	1 jaar



MAAK GEREED

Jou persoonlike voorbereiding vir’ n nuwe begin. Merk af soos jy gereedmaak.

- [ ] **SKOOLKLERE**
  Pas en koop jou skoolklere betyds.
- [ ] **SKRYFBEHOEFTES**
  Koop die Graad 8-benodigdhede.
- [ ] **SUNVISER**
  Versier jou sunviser kreatief volgens die tema *Vingerafdruk*.
- [ ] **MY WELPIE-ID-KAART**
  Maak jou bord .
- [ ] **JOU RUGSAK**
  Gebruik die eersteweek-paklys.
- [ ] **DIGITAAL GEREED**
  Stoor die Welpie-webtuiste en Helpmekaar24.

Die blokkies op hierdie bladsy kan in ’n versoenbare PDF-leser digitaal afgemerk word.